Tekste: Gesang 152; Gesang 465: 1 & 3; Efesiërs 2: 1-10; Kolossense 2: 14.
Fokus teks: Johannes 13: 34-35.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Gesang 464: 1-4; Gesang 235: 1-2; Gesang 266; VONKK 5: 1-2.

---

AANKONDIGINGS:

- Hartlik Geluk, met u verjaarsdag!

LIEF & LEED:

- Paul Grobler se pa, Hansie Grobler, is hierdie week oorlede. Dit is met ander woorde Santie se skoonpa en Carien + Elme se oupa. Die gedenkdiens vind plaas op Donderdag 24 Julie 2025 by NG Kruin gemeente. Ons dink aan hierdie familie en hierdie gesin. Ons bid vir daardie krag wat 'n mens se verstand te bowe gaan.
- Oom Koos Venter is op Vrydag 18 Julie 2025 geopereer om sy galblaas te verwyder. Ons wens hom spoedige beterskap toe.
- Tannie Susan Anfield is in die hospitaal opgeneem vir 'n beenbreuk. Sy is in die Johannesburg Algemene hospitaal, Groen blok, 7de vloer, Saal 474 (Folateng Hospital Ward). Besoektye is daagliks van 15:00-17:00.

KLOK:

Verhoogde Heiland, bind ons saam waar in u Naam ons hier vergader. Leer ons, geheilig deur u Gees, ootmoedig

wees waar ons U nader. Ons glo u Woord en bring U eer; maak ons al meer Uself deelagtig. Dan bly ons steeds, deur U verlig, op U gerig, u dood gedagtig (Gesang 152).

(Kom ons staan vir die toetrede lied, votum, seëngroet en lofsang)

TOETREDE: VONKK 234: 1-3 ~ Abba, Vader, Hemelheer.

VOTUM:
O, Here God, so groot in majesteit! Ons buig voor U in diep afhanklikheid. Ontferm U oor ons in goedgunstigheid. Hoe diep maak U, o Heer, ons weer bewus dat U alleen die goeie gewer is. U is ons hoop, o Heer! (vgl. Gesang 465)

SEËN:
Heer, wees ons genadig. Amen. (vgl. Gesang 465).

SANG: Gesang 464: 1-4 ~ O, Heer my God.

Tekste: Gesang 152; Gesang 465: 1 & 3; Efesiërs 2: 1-10; Kolossense 2: 14.
Fokus teks: Johannes 13: 34-35.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Gesang 464: 1-4; Gesang 235: 1-2; Gesang 266; VONKK 5: 1-2.

---

DIE WIL VAN GOD:

Ons het hierdie week kennis geneem dat een van ons Kerk se geliefde predikante in die ouderdom van slegs 67 jaar oorlede is. Ds Thomas Dreyer het voor sy aftrede gewoon en gewerk in Swellendam. Julle sal onthou dat ek daardie beroepsproses oor 'n tydperk van agtien maande gaan fasiliteer het.

Op Donderdag 11 Augustus 2016 skryf die einste Ds. Thomas Joubert van Swellendam oor God en die natuur en oor God en sy omgee verhouding met sondaar mense. Ek lees vir u 'n effens verwerkte weergawe daarvan.

Ons sou die wonderlike natuurskoon van God se skepping om ons, nie kon waardeer, as Hy nie éérs in sy Woord daaroor gepraat het nie. Sonder die Bybel sou die natuur vir ons bloot wetenskaplik interessant en kunstig mooi gewees het. Maar God het gepraat in sy Woord daaroor gepraat.

Tekste: Gesang 152; Gesang 465: 1 & 3; Efesiërs 2: 1-10; Kolossense 2: 14.
Fokus teks: Johannes 13: 34-35.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Gesang 464: 1-4; Gesang 235: 1-2; Gesang 266; VONKK 5: 1-2.

---

In God se Woord verbaas ons, ons oor God se genadeteken aan die broermoordenaar Kain, sy verdraagsaamheid met die dronk Noag, sy geduld met die amper-gelowige Abraham wat elke keer God se belofte van 'n nageslag nie regtig glo nie. Ons verwonder ons aan God se humor met die rigters, sy genade vir die konings, sy vergifnis van die moordenaar Dawid, sy pad met sy profete en sy volk. Ons verstom ons oor die kwesbaarheid van die Kindjie in Betlehem, die stryd in Getsemane, die dood op Golgota. Dan is ons verwonderd oor Efesiërs 2: 1-10 en uit die veld geslaan oor Kolossense 2: 14:

> *Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.*

SKULDBELYDENIS: Gesang 235: 1-2 ~ Voor u wet, Heer, staan ons skuldig.

PREEK:

Tekste: Gesang 152; Gesang 465: 1 & 3; Efesiërs 2: 1-10; Kolossense 2: 14.
Fokus teks: Johannes 13: 34-35.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Gesang 464: 1-4; Gesang 235: 1-2; Gesang 266; VONKK 5: 1-2.

---

Ek en Elizabeth was laas week by redelike nuwe lidmate op huisbesoek. Soos al ons lidmate het ook hulle ons gasvry en vriendelik ontvang. Ook daar het ons lekker gekuier. Iewers in die gesprek kom ons gemeentes se logo te sprake. Julle weet mos, hierdie een!

En daar besef ek dat ons lanklaas met mekaar oor die betekenis hiervan gesels het. Die ontwerp van hierdie logo is abstrak, om op 'n manier erkenning te gee aan die onmoontlike daarvan om God vas te vang in mense woorde en of mense prentjies.

Tog vertel hierdie prentjie vir ons van God se hande wat ons gemeente vashou. Ons kan oor die jare daarvan getuig. God se vashou verstom ons elke keer as ons dink nou is dit klaar met hierdie handjie vol gelowiges hier in die middel van Kempton Park se dorp. Ons sou baie tyd

nodig gehad het as almal van ons God-vashou-stories moes begin vertel.

Die logo wil ons wat vasgehou word ook oproep om God se hande hier op aarde te wees. Sommer daar waar ons bly, sommer daar waar ons skoolgaan, sommer daar waar ons werk, sommer daar waar ons afgetree is.

Die kleur wat gebruik is, is simbolies. Dit is oranje en simboliseer omgee en warmte. God se omgee en warmte vir ons, maar ook die omgee en warmte wat ons moet gaan uitleef.

Die visie van die gemeente is ook ons missie. Jare gelede het ‘n klompie lidmate met die Bybel gaan sit. Elkeen met verskeie tekste wat tot hulle spreek en hierdie woorde is gebore:

> *Ons streef daarna om ‘n gemeenskap van gelowiges te wees waar ons mekaar liefhet, waar ons sterk staan in die geloof, waar ons mense in nood help, en waar ons volhard.*

Tekste: Gesang 152; Gesang 465: 1 & 3; Efesiërs 2: 1-10; Kolossense 2: 14.
Fokus teks: Johannes 13: 34-35.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Gesang 464: 1-4; Gesang 235: 1-2; Gesang 266; VONKK 5: 1-2.

---

Dink vir ‘n oomblik in stilte hieroor na...

Wat beteken dit vanmore vir my?

Hoe pas ek hierby aan?

Wil ek saam met hierdie gemeente, hierdie visie uitleef?

> *Ons streef daarna om ‘n gemeenskap van gelowiges te wees waar ons mekaar liefhet, waar ons sterk staan in die geloof, waar ons mense in nood help, en waar ons volhard.*

Indien ons wel dit ons roeping, visie en of missie wil maak het dit oor jare vir ons verskillende dinge beteken. Ons het dit selfs op ‘n dag neergeskryf vir ‘n dag soos hierdie:

•Leef jou geloof sigbaar uit.

•Wees lief vir alle mense wat God op jou pad bring.

•Help ander mense so goed jy kan.

•Ondersteun mekaar in moeilike en goeie tye.

•Vertel vir alle mense op jou pad van Jesus Christus.

•Ontvang God se liefde en deel dit weer uit.

•Kom gereeld bymekaar en hou mekaar vas.

•Ondersteun die kerk van die Here, want dit is ons geestelike huis en familie.

•Respekteer mekaar in woord en daad.

•Leef God se wil onder alle omstandighede uit.

•Bid gereeld tot God, vir jouself, vir ander en ook vir die Kerk.

•Lees gereeld Bybel en leer God ken.

•Doen uit dankbaarheid goed aan alle mense op jou pad.

•Verdien ander se respek en deel self respek uit.

•Gaan gereeld kerk toe.

Reg deur die Bybel lees ek hoe belangrik ‘n gemeenskap van gelowiges is. Hoe belangrik ‘n geloofsfamilie is. Ja, selfs ook vir mense met ‘n introverte persoonlikheid. Ons het mekaar nodig! Alleen is ons ongelukkig en miserabel. Ons vergeet te maklik hoe belangrik dit is om deel te wees van ‘n gemeenskap van gelowiges en hoe nodig ons mekaar regtig het. In die Bybel leer ons dat God vir ons ‘n Familie (‘n gemeenskap van gelowiges / ‘n gemeente / ‘n kerk) gegee het om ons in hierdie wêreld te help om sinvol te kan bestaan. Sonder hierdie Familie

verlep ons geestelik en emosioneel (soms ook fisiek) omdat ons nie ‘n noemenswaardige impak op die lewens van ander mense maak nie. Dit beteken ons lewens raak sinloos ... sonder betekenis! Ons is geskape om ‘n verskil in ander mense se lewens te maak.

Die Bybel leer ons God se Familie is anders as ander families. By God se familie is die omvang van liefde anders, is daar ‘n ander openheid teenoor mense wat anders as ek is, is daar ‘n bereidheid om myself te verander en te verloën:

- God se familie is anders lief vir mekaar
- God se familie het ‘n openheid na buite
- God se familie het ‘n bereidheid tot selfverloëning en diens.

GOD SE FAMILIE IS ANDERS LIEF VIR MEKAAR.

‘n Gemeenskap van gelowiges word herken aan hulle uitsonderlike vermoë om mekaar lief te hê. Dit is natuurlik makliker gesê, as gedoen – maar LIEFDE (soos God dit

bedoel het) behoort ons belangrikste kenmerk te wees. Daarom sê ons ook in ons gemeente se visie, dat ons daarna strewe om ‘n gemeenskap van gelowiges te wees deur MEKAAR LIEF TE Hê. In Johannes 13: 34-35 sê Jesus dit baie uitdruklik:

> *Ek gee julle ‘n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.*

Hierdie uitsonderlike liefde moet so deel wees van ‘n gemeente dat die gemeenskap dit moet kan sien, want dit trek gemeentes en gemeenskappe saam. Die wêreld moet na ons kan kyk en sê: Dit moet fantasties wees dat soveel verskillende mense daar met mekaar kan saamwerk.

Die kerk van die Here is op hierdie manier eensgesind, nie eenders nie, maar eensgesind. Die Bybel sê soos ‘n liggaam met verskillende liggaamsdele een liggaam is, moet die kerk van die Here uit verskillende mense

bestaan wat een doel het – Die eer van God! In Johannes 17 sê Jesus:

> *"Ek bid dat hulle almal een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."*

Ons liefde moet veral kenbaar wees in die manier hoe ons van mekaar verskil, maar steeds een is met die geloofsfamilie van God. Een in God! WARE LIEFDE help ons om dit te realiseer.

GOD SE FAMILIE HET 'N OPENHEID NA BUITE.

Hierdie is 'n moeilik een en waarskynlik die plek waar ons die meeste opofferings sal moet bring. Gemeentes en gewone families verkies om baie privaat en na binne te leef. Deel van 'n suksesvolle (groeiende) Familie van God is die vermoë om ook liefdevol te kan optree teenoor die mense buite ons kring – buite ons gemeenskap van gelowiges.

Tekste: Gesang 152; Gesang 465: 1 & 3; Efesiërs 2: 1-10; Kolossense 2: 14.
Fokus teks: Johannes 13: 34-35.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Gesang 464: 1-4; Gesang 235: 1-2; Gesang 266; VONKK 5: 1-2.

---

Die stigting van ‘n kerk (gemeenskap van gelowiges / Familie van God) is nie ‘n doel opsigself nie, maar ‘n middel tot ‘n doel. Die gaan nie in die eerste plek oor die spesifieke kerk familie nie, maar oor die wêreld waarin God ons geplaas het – met ‘n doel geplaas het! Deur ons wil God met die hele wêreld besig wees.

Die Teoloog Joachim Jeremias wys ons op die uniekheid van Jesus se dissipel groep. Dit was algemeen van hulle tyd dat ‘n Rabbi (soos Jesus) ‘n dissipel groep gehad het. Daar is bewyse dat selfs Johannes die Doper so ‘n groep volgelinge gehad het. Maar eie aan hulle verstaan was dat die groepe baie geslote was, sommige het hulle selfs van die algemene samelewing onttrek.

By Jesus en sy dissipels was daar ‘n merkwaardige openheid! Enige een was welkom, enigeen kon aansluit en deel word. Dink aan Jesus se kontak met tollenaars, vroue, kinders en gestremdes en hulle deel word van Jesus se volgelinge.

Tekste: Gesang 152; Gesang 465: 1 & 3; Efesiërs 2: 1-10; Kolossense 2: 14.
Fokus teks: Johannes 13: 34-35.
Liedere: VONKK 234: 1-3; Gesang 464: 1-4; Gesang 235: 1-2; Gesang 266; VONKK 5: 1-2.

In die Bybel is dit duidelik dat ons geloof getoets gaan word in ons vermoë om gemeenskappe van gelowiges te wees waar mense tuis voel. Dit is waarom ons koffie drink baie meer is as koffie drink en koekies eet. Die Bybel plaas 'n besonderse hoë premie op gasvryheid – lees byvoorbeeld Hebreërs 13b daaroor.

GOD SE FAMILIE HET 'N BEREIDHEID TOT SELFVERLOËNING EN DIENS.

Die skadukant van 'n gewone familie is dat alles gedoen word om alles moontlik binne die familie self te hou. Vermeerdering van eiendom is slegs tot voordeel van die familie self. Klink mos reg? Elkeen moet sorg vir hom en sy eie mense. Niemand anders gaan nie – sê ons mos!

NEE, God waarsku dat dit lei tot suinigheid en inhaligheid. Dit is soos die ou wat alles gaan begrawe het en toe gedink het dit sal sy eienaar tevrede stel. Daarteenoor wil die eienaar (God) gehad het dat elkeen met dit wat hulle ontvang gaan woeker, gaan werk. As 'n mens gaan

woeker met wat jy het sal daar 'n oes wees – die verhaal sê soms dertigvoudig, soms sestigvoudig, soms honderdvoudig.

Dit is belangrik dat ons hier sal besef dat die grote van die oes nie die belangrikste is nie, maar dat ons met dit wat ons van God ontvang het 'n oes sal lewer. 'n impak sal maak. 'n Verskil in die lewens van mense en die aarde sal maak.

OP 'n ander plek in die Bybel lees ek, gelukkig is hulle wat gee en nie wil ontvang nie want aan hulle sal nog meer gegee word. Nog 'n ander plek, die wat het sal nog meer kry en die wat nie het nie sal ook dit verloor wat hulle het. Hulle wat werk met wat God vir hulle gegee het sal geseën word – sal meer kry. Hulle wat werk met die gasvryheid van God sal nog meer kry vir die gemeenskap van gelowiges.

Die ekonomie van God werk anders: hoe meer jy bereid is om te weg te gee, hoe meer sal jy ontvang. Zuurfontein

het dit gesien gebeur. In ons baie moeilike tyd het ons aanhou gee vir armsorg, bejaardesorg, sendingwerk, Bybelverspreiding ens. ens. ens. en vandag het die Here ons geseën met 'n droom om te bly voortbestaan. Die wat gee sal nog meer ontvang!

Amen.

GEBED: Gesang 266

SEËN:
Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by ons wees. Amen.

SANG: VONKK 5: 1-2